



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## JUNIE 2021

# EKONOMIE V2 NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B ✓✓ uitset te verhoog

1.1.2 A ✓✓ versonke

1.1.3 A ✓✓ duur

1.1.4 D ✓✓ gedifferensieerd

1.1.5 C ✓✓ gemiddelde inkome

1.1.6 B ✓✓ twee

1.1.7 D ✓✓ gemeenskap

1.1.8 C ✓✓ interne (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS-ITEMS

1.2.1 D ✓ bepaal deur die interaksie tussen vraag en aanbod

1.2.2 G ✓ aangegaan deur ŉ onderneming wanneer hulle goedere produseer

1.2.3 B ✓ geniet die produk sonder om daarvoor te betaal

1.2.4 A ✓ Eskom is ŉ voorbeeld

1.2.5 H ✓ stel produsente in staat om ŉ redelike wins te realiseer

1.2.6 E ✓ gedoen deur middel van bemarkingsveldtogte en verdere produkvariasie

1.2.7 C ✓ het ŉ hibriede struktuur

1.2.8 F ✓ vermoë van die koper of verkoper om die prys te beïnvloed (8 x 1) (8)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Implisiete koste ✓

1.3.2 Gelykbreekpunt/normale wins ✓

1.3.3 Prys makers/prysvasstellers ✓

1.3.4 Positiewe eksternaliteite/eksterne voordele ✓

1.3.5 Industrie ✓

1.3.6 Nie-meriete goedere ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2

2.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

2.1.1 **Noem TWEE element van sosiale koste.**
- Private koste ✓
- Eksterne koste ✓ (2)

2.1.2 **Hoekom realiseer ’n monopolistiese mededingende onderneming, normale wins oor die langtermyn?**
- Ekonomiese wins oor die korttermyn lok meer ondernemings om tot die mark toe te tree en lei daarom tot ekonomiese wins wat afneem en ondernemings wat dan normale wins realiseer. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

2.2 2.2.1 **Tot watter markstruktuur behoort die bostaande grafiek?**
- Volmaakte mark ✓ (1)

2.2.2 **Wat verteenwoordig die gebied ACB?**
- Wins-area ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die begrip *wins.***
- Wins is die positiewe verskil tussen totale inkome en totale koste ✓✓ / Wins = TI – TK
- Wins is die vergoeding aan die entrepreneur. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

2.2.4 **Verduidelik hoekom wins by hoeveelheid 3 gemaksimeer word.**
- Wins word gemaksimeer by hoeveelheid 3 omdat dit is waar die verskil tussen TI en TK die grootste is. ✓✓ (2)

2.2.5 **Hoekom begin die TK kurwe nie by nul, soos die TI kurwe nie?**
- Totale koste is die som van vaste koste en veranderlike koste, terwyl totale inkome die prys vermenigvuldig met die hoeveelheid is. ✓✓
- Vaste koste is koste wat betaal moet word, ongeag die vlak van produksie, daarom sal die onderneming kostes betaal selfs al produseer hulle nul eenhede. ✓✓
- Totale inkome begin by nul omdat as daar geen eenhede verkoop word nie, is inkomste nul. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Gee 'n toepaslike begrip vir kostes wat saam met produksie verander.**

- Veranderlike koste ✓ (1)

2.3.2 **Noem EEN rede vir die bestaan van 'n natuurlike monopolie.**

- Hoë ontwikkelingskoste ✓
- Toegang tot 'n bron / alleeneienaar van 'n natuurlike hulpbron ✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (1)


2.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *kunsmatige monopolie.***

- Kunsmatige monopolie is 'n monopolie waar hindernisse tot toetrede nie ekonomies van aard is nie, soos byvoorbeeld 'n patentreg. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

2.3.4 **Hoekom sal dit nie 'n monopolis baat om baie hoë pryse te hef nie?**

- Verbruikers sal alternatiewe produkte as gevolg van stremminge op hul begroting koop ✓✓
- Die totale inkome sal afneem omdat die vraag sal daal ✓✓
- Verlies aan inkome kan die doeltreffendheid van die werking van die onderneming in die wiele ry ✓✓
- Dit mag daartoe lei dat die onderneming sal sluit, as gevolg van 'n verlies in markaandeel / inkome ✓✓ (2)

2.3.5 **Teken die grafiek van 'n ekonomiese verlies in 'n monopolie.**




| **Puntetoekenning** | | |
|---|---|---|
| Korrekte tekening, byskrifte en posisionering van koste-kurwes | = | 1 punt |
| Korrekte tekening, byskrifte en posisionering van inkome-kurwes | = | 1 punt |
| Korrekte aanduiding van ekonomiese verlies | = | 2 punte |
| | | Maks.4 punte |

(4)

2.4 **Onderskei tussen *produktiewe doeltreffendheid* en *allokatiewe doeltreffendheid.***

**Produktiewe doeltreffendheid**

- ʼn Situasie waar dit vir ʼn ekonomie moontlik is om goedere en dienste teen die laagste moontlike gemiddelde koste te produseer. ✓✓
- Produktiewe doeltreffendheid stel ʼn gemeenskap in staat om oor ʼn beter vermoë ten opsigte van ruil te beskik en dit stel mense in staat om meer goedere en dienste te verbruik ✓✓
- Dit word aangetoon op die produksiemoontlikheid-kurwe waar al die punte op die kurwe produktief doeltreffend is ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 4

**Allokatiewe doeltreffendheid**

- ʼn Situasie waar ondernemings in ʼn industrie die beskikbare hulpbronne aanwend om dié uitset te produseer wat die meeste deur die verbruikers aangevra word ✓✓
- Die goedere wat geproduseer word, gee dus die verbruikers se smake weer ✓✓
- Hulpbronne word in die regte proporsies toegeken ✓✓
- Dit is op volmaakte mededinging oor die langtermyn van toepassing ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 4 (8)

2.5 **Waarom is ʼn kostevoordeel-ontleding vir openbare projekte nodig?**

- KVO lei tot objektiewe besluitneming deur koste en voordele op te weeg. ✓✓
- KVO word toegepas by daardie projekte waar dit verwag word daar ʼn beduidende verskil tussen sosiale koste en voordele sal wees, met ander woorde ʼn waarskynlikheid van markmislukking. ✓✓
- Dit sluit die breër sosiale impak en eksternaliteite in die besluitnemingsproses in. ✓✓
- Dit word gebruik om finale besluite oor of daar voortgegaan moet word met ʼn projek, al dan nie, te neem. ✓✓
- Daar is ʼn afwesigheid van markseine wat aandui of daar met die projek voortgegaan moet word, al dan nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 **Noem TWEE markte wat naby daar aan is om perfekte markte te wees.**

- Aandelebeurs ✓
- Buitelandse valutamark ✓
- Landbou geproduseerde goederemark ✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe is onbeweeglikheid van arbeid ’n oorsaak van markmislukking?**

- Dit neem tyd vir arbeid om na ’n nuwe beroep te skuif, omdat opleiding benodig word ✓✓
- Beweging van een plek na ’n ander is nie gratis nie en mag dalk duur wees ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2 x 1) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **By watter eenheid word wins gemaksimeer?**

- Eenheid 2 ✓ (1)

3.2.2 **Bepaal die marginale koste vir A in die bostaande tabel.**

- 11 ✓ (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks die begrip *gemiddelde koste.***

- Gemiddelde koste is die koste om een eenheid te produseer/ koste per eenheid. ✓✓ (2)


3.2.4 **Hoekom is prys gelyk aan gemiddelde inkome?**

- Gemiddelde inkome is inkome per eenheid en word bereken deur die totale inkome te deel deur die aantal eenhede, wat dan die prys is. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

Kopiereg voorbehou 

3.2.5 **Met verwysing na bostaande tabel, teken 'n totale inkome-kurwe.**




| |
|---|
| **Puntetoekenning** |
| Byskrifte van asse = 1 punt |
| Byskrifte op die asse = 1 punt |
| Korrekte byskrifte en vorm van totale inkome kurwe = 2 punte |
| Maks.4 punte |

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Verskaf 'n korrekte byskrif vir kurwe D.**
- Gemiddelde veranderlike koste / GVK ✓ (1)

3.3.2 **Identifiseer 'n sluitingspunt volgens die bostaande grafiek.**
- Punt **A** ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *marginale inkome*.**
- Marginale inkome is die addisionele inkome wat ontvang word deur 'n addisionele eenheid te verkoop. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

3.3.4 **Waarom maak die volmaakte mededinger 'n ekonomiese wins by $P_3$?**
- Ekonomiese wins word gerealiseer by $P_3$, want gemiddelde inkome is hier groter as gemiddelde koste. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

3.3.5 **Met verwysing na die bostaande grafiek, verduidelik hoe die aanbodkurwe van 'n volmaakte mededinger, bepaal word.**
- Die aanbodkurwe van 'n volmaakte mededinger word bepaal deur die stygende gedeelte van die onderneming se marginale koste-kurwe, bo die minimum van sy gemiddelde veranderlikekoste-kurwe ✓✓
- Die aanbodkurwe van die volmaakte mededinger in die grafiek begin by punt A en hel opwaarts van daar af ✓✓
- Die rede vir die opwaartse helling is omdat die marginale koste toeneem soos die uitset toeneem ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

3.4 **Vergelyk die monopolie en volmaakte mededinger ten opsigte van die aard van die produkte wat hulle produseer.**

**Volmaakte mark**
- Alle produkte wat in die volmaakte mark verkoop word is homogeen van aard ✓✓
- Al hierdie produkte is presies dieselfde wat kwaliteit en voorkoms betref. ✓✓
- Dit maak geen verskil aan ’n koper waar en by wie hy of sy die produk koop nie ✓✓ Maks. 4

**Monopolie**
- Produkte wat in ’n monopolie-mark verkoop word is uniek ✓✓
- Daar is geen naby substitute waarheen kopers hulle kan wend nie ✓✓
- Dit is daarom nie moontlik vir ander ondernemings om tot die mark toe te tree met ’n soortgelyke produk en met die huidige monopolis mee te ding nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 4 (8)

3.5 **Hoe kan die bestaan van volmaakte markte ’n invloed op die verbruikers en produsente hê?**

**Verbruikers**
**Positief**
- Verbruikers kan voordeel uit volmaakte mededinging trek omdat hulle lae pryse sal betaal vir hoë kwaliteit goedere en dienste ✓✓

**Negatief**
- Verbruikers mag nie gelukkig wees met identiese produkte nie – dit ontneem ’n individu van uniekheid ✓✓
- Daar sal geen keuse wees in die produkte wat verbruik word nie ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 4

**Produsente**
**Positief**
- Wins maksimering by die laer gemiddelde koste ✓✓
- Geen diskriminasie tussen ondernemings nie, omdat die produkte homogeen is en die pryse dieselfde is ✓✓

**Negatief**
- Dit bevoordeel nie die onderneming om pryse aan te pas volgens die onderneming se behoeftes nie ✓✓
- Ekonomiese wins kan nie oor die langtermyn gerealiseer word nie ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 4 (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE

4.1 4.1.1 **Noem TWEE hindernisse tot toetrede tot ŉ kunsmatige monopolie.**

- Patente ✓
- Lisensies ✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

4.1.2 **Hoekom is samespanning nie moontlik by volmaakte mededinging nie?**

- Daar is baie ondernemings wat te onbeduidend is om die mark te beïnvloed. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Wat veroorsaak die skuif van die aanbodkurwe van AA tot $A_1A_1$?**

- Die instelling van ŉ subsidie ✓ (1)

4.2.2 **Verskaf ŉ gepaste naam vir kurwe FF.**

- Vraagkurwe ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die begrip *subsidie.***

- Finansiële bystand wat die regering aan produsente verleen ten einde hulle produksiekoste te verlaag. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

4.2.4 **Verduidelik kortliks die doel van belastingheffings.**

- Om eksterne koste te probeer verhaal ✓✓
- Om inkome aan die regering te voorsien ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

4.2.5 **Met verwysing na die bostaande grafiek, verduidelik die uitwerking van produsente-subsidies.**

- FF en AA is die oorspronklike vraag- en aanbodkurwes wat sny by die ewewigspunt 'e', met ŉ ewewigsprys P en ewewigshoeveelheid Q. ✓✓
- Die instelling van ŉ subsidie veroorsaak ŉ styging in aanbod van AA na $A_1A_1$, wat weer lei tot ŉ daling in die ewewigsprys na $P_1$ en ŉ styging in hoeveelheid na Q1. ✓✓
- Die produksiekoste daal en hoeveelheid styg. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die rol van die Mededingingskommissie, soos wat dit in die uittreksel aangespreek word.**
- Nie-toelating van samesmeltings en oornames om voort te gaan ✓ (1)


4.3.2 **Aan wie maak die Mededingingskommissie aanbevelings?**
- Mededingingstribunaal ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *samesmelting* soos in ekonomie gebruik.**
- Samesmelting van twee of meer ondernemings om ŉ enkele onderneming te vorm ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

4.3.4 **Verduidelik kortliks die doelwit van ŉ mededingingsbeleid.**
- Voorkom misbruik van ekonomiese mag ✓✓
- Reguleer die groei van markkrag ✓✓
- Voorkom beperkende praktyke, veral by oligopolieë ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

4.3.5 **Hoekom is mededinging in die mark goed vir die ekonomie?**
- Verbruikers kry goeie pryse en goeie kwaliteit produkte ✓✓
- Mededinging moedig ondernemings aan om lae-koste vervaardigingsprosesse te ontwerp, wat winste kan verhoog ✓✓
- Mededinging moedige besighede aan om ŉ verbruikersbehoefte-ontleding te doen, ten einde in hulle behoeftes te voorsien ✓✓
- Mededinging kan lei tot hoër produktiwiteit en doeltreffendheid in die mark ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

4.4 **Met behulp van industrie en individuele produsente grafieke, verduidelik hoe die langtermynewewig in ’n volmaakte mark bereik sal word wanneer ’n ekonomiese verlies oor die korttermyn gely word.**




| **Puntetoekenning** | |
|---|---|
| Daling in aanbod | = 1 punt |
| Styging in hoeveelheid | = 1 punt |
| Nuwe ewewigspunt | = 1 punt |
| Korrekte byskrifte en posisie van MK en GK | = 1 punt |
| | 4 punte |

- Ekonomiese verlies oor die korttermyn lei daartoe dat ’n onderneming die industrie verlaat, wat verder lei tot ’n daling in die aanbod (aanbod skuif van $A_1A_1$ tot $A_2A_2$), as gevolg van die styging in die prys na $P_2$. ✓✓
- Individuele ondernemings sal dan $P_2$ aanvaar en die hoër prys sal die verlies verlaag totdat die prys (gemiddelde inkome) gelyk is aan die gemiddelde koste. ✓✓
- Aanbod sal voortgaan om af te neem totdat oorblywende ondernemings ten minste normale wins realiseer en daar sal geen aansporing vir ondernemings wees om die industrie te verlaat nie. ✓✓
- Ondernemings sal dan normale wins realiseer teen $P_2$ en hoër hoeveelhede by $q_2$. ✓✓

  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 4 (8)

4.5 **Ondersoek die belangrikheid van handelsmerke en advertensies in ŉ monopolistiese mededingende industrie.**

- Handelsmerke en advertensies is belangrik vir ŉ monopolisties mededingende onderneming, want dit is die beste manier om hulleself van hulle mededingers te onderskei. ✓✓
- Handelsmerke veroorsaak maklike identifikasie van die produkte by verbruikers en verhoog sodoende verkope. ✓✓
- Ten einde vir die ondernemings om die reputasie van hulle handelsmerk gestand te hou, produseer hulle hoë gehalte produkte, want dit vat net een slegte ondervinding om die waarde van die handelsmerk te vernietig. ✓✓
- ŉ Handelsmerk en sy reputasie word op die onderneming se doeltreffende advertensieveldtog gebou. ✓✓
- Advertensies is waardevol vir die gemeenskap, want dit help om verbruikers in te lig en markte funksioneer die beste wanneer verbruikers goed ingelig is. ✓✓
- Advertensie en handelsmerke help om die koste van ŉ keuse tussen verskillende produkte te verminder, as gevolg van die verbruiker se bekendheid met die onderneming en die kwaliteit van hulle produkte. ✓✓
- Advertensies laat nuwe ondernemings toe om tot die mark toe te tree. ✓✓
- Verbruikers mag huiwerig wees om produkte aan te koop waarmee hulle nie bekend is nie. Advertensies kan daardie verbruikers opvoed en inlig en hulle sodoende gemaklik genoeg maak om daardie produkte uit te toets. ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5**

- **Ondersoek in detail, ’n oligopolie as ’n markstruktuur, onder hoofde van:**
  - **Samespanning (13)**
  - **Pryse en produksievlakke (13) (26 punte)**
- **Hoekom span oligopolieë dikwels saam, alhoewel dit onwettig in Suid-Afrika is? (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

’n Oligopolie is ’n markstruktuur wat deur ’n paar produsente, wat elke een of ander beheer oor die mark het, gedomineer word. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte inleiding.) (2)

**HOOFGEDEELTE**

**Samespanning**

- Samespanning vind plaas wanneer mededingende ondernemings saamwerk deur pryse te verhoog en deur produksie te beperk, ten einde hulle winste te maksimeer. ✓✓
- Ondernemings werk dikwels saam inplaas daarvan om met mekaar mee te ding. ✓✓
- Samespanning kan in twee vorme voorkom, kartèlle en prysleierskap:

Kartèlle ✓


- Samespanning vind openlik en formeel plaas. ✓✓
- Word ook as openlike / eksplisiete samespanning verwys. ✓✓
- ’n Kartel is ’n groep produsente wie se doel dit is om ’n gesamentlike monopolie te vorm ten einde pryse vas te stel en aanbod en mededinging te beperk. ✓✓
- Samespanning is onwettig in Suid-Afrika en is onderhewig aan groot boetes deur die Mededingingskommissie. ✓✓

Prysleierskap ✓

- Soms kan samespanning in die vorm van prysleierskap voorkom, wat ’n onuitgesproke ooreenkoms tussen ondernemings is. ✓✓
- Prysleierskap (stilswyende/implisiete samespanning) behels een onderneming wat optree as ’n prysleier terwyl die ander volg. ✓✓
- Wanneer die prysleier die pryse verander, dan doen die ander dieselfde. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 13

**Pryse en produksievlakke**

- Dit is moeilik om die vraagkurwe, marginale inkome-kurwe en die marginale koste-kurwe te teken, omdat 'n oligopolie die reaksie van sy teenstanders in ag neem. ✓✓
- 'n Geknakte vraagkurwe word gebruik om pryse en hoeveelhede in oligopolie markte te verduidelik. ✓✓
- Die vraagkurwe bestaan uit twee gedeeltes – die boonste gedeelte wat verband hou met hoë pryse en dit het na baie elastiese helling ✓✓ en die onderste gedeelte hou verband met laer pryse en dit het 'n baie onelastiese helling. ✓✓
- Hierdie model is gebaseer op die aanname dat elke onderneming glo dat indien hulle hul pryse verhoog, andere sal nie volg nie, ✓✓ maar as hulle hul pryse sny, ander ondernemings wel hulle pryse ook sal sny. ✓✓




| | |
|---|---|
| **Puntetoekenning** | |
| Korrekte teken en byskrifte van geknakte-vraagkurwe | = 1 punt |
| Aantoon van knak in vraagkurwe | = 1 punt |
| Korrekte teken en byskrif van marginale-kurwes | = 1 punt |
| Marginale inkome-kurwe | = 1 punt |
| | Maks.4 punte |

- Indien die oligopolie sy wins wil verhoog deur die prys te verhoog na R22, sal die hoeveelheid aangevra daal tot 4 eenhede, dan sal totale inkome daal tot R88. ✓✓
- Ander oligopolieë sal nie hulle voorbeeld volg nie, die onderneming wat die prys verhoog het, sal kliënte verloor aan diegene wat nie ook hulle prys verhoog het nie. ✓✓
- Indien die oligopolie sy prys verlaag van R20 tot R16, sal uitset verhoog tot 14 eenhede en die totale inkome tot R224. ✓✓ Ander ondernemings sal geforseerd voel om ook hulle pryse te sny, omdat hulle kliënte sal verloor indien hulle dit nie doen nie. ✓✓
- Die oligopolie sal produseer waar MI=MK, teen prys R20 en hoeveelheid 10. ✓✓
- Die bevestig dat pryse in 'n oligopolie rigied is. ✓✓ Maks. 13

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Samespanning tussen oligopolieë vind plaas omdat:

- dit ŉ poging is om onsekerheid te verlaag – hulle kan die voordeel van hoër winste geniet en beperk ander ondernemings om tot die mark toe te tree (om die mark te beheer / om ŉ gesamentlike monopolie te vorm) ✓✓
- die koste om sake te doen in ŉ oligopolie mark, is baie duur, dit is waarom ondernemings gebruik maak van nie-prysmededinging soos advertensies en dit kan ŉ baie groot bedrag geld kos ✓✓
- ondernemings is onderling interafhanklik en groot bedrae geld word dikwels vereis om mekaar se optredes te monitor ✓✓
- dit verhoog die onderneming se totale koste om sake te doen ✓✓
- dikwels veroorsaak dit dat ondernemings saamwerk inplaas daarvan om met mekaar mee te ding, ten spyte daarvan dat dit onwettig in Suid-Afrika is ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (5 x 2) (10)

**SLOT**

Daar is ŉ element van interafhanklikheid in ŉ oligopolie omdat die besluite wat deur elke onderneming in ŉ oligopolie afhang van die besluite wat deur elk van die ander ondernemings geneem is. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte slot.) (2)

**[40]**

## VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE

- **Bespreek, in detail, regeringsinmenging as ŉ oorsaak van markmislukking, onder hoofde van die volgende opskrifte:**
  - **Direkte beheer (6)**
  - **Onvolmaakte markte (8)**
  - **Regeringsinmenging in produksie (12) (26 punte)**
- **Regverdig die implementering van minimum lone deur die regering.**

**( 10 punte) [40]**

### INLEIDING

Markmislukking beteken dat die beste beskikbare hulpbronne of optimale produksie uitkomste nie bereik is nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte inleiding.) (2)

### INHOUD
### HOOFGEDEELTE

**Direkte beheer**
- Regering kan kies om wetgewing aan te kondig in ŉ poging om die gedrag van besighede en individue, wat negatiewe eksternaliteite skep, te beheer en te beperk. ✓✓
- Regering stel dikwels belasting op die produksie van alkohol en tabak in. ✓✓ Dit word sonde-belasting genoem. ✓✓
- Advertensies deur die tabak-industrie word verbied en alkohol mag nie verkoop word aan persone jonger as 18 jaar nie. ✓✓
- Die regering kan vereis dat ondernemings anti-besoedeling toerusting installeer wat giftige neweprodukte kan skoonmaak, voordat dit in riviere gestort word. ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 6

**Onvolmaakte markte**
Ondernemings wat in nie-mededingende markte funksioneer, maksimeer hulle winste deur minder aan te bied as die optimale hoeveelheid goedere en dienste, teen ŉ hoë prys. ✓✓
Die regering kan optree teen die uitwerking van onvolmaakte markte, deur:
- Die onderneming se ekonomiese wins te belas ✓✓
- Prysbeheer (maksimum pryse) in te stel en sodoende die onderneming se ekonomiese wins te verlaag en te verseker dat dit moontlik vir meer mense is om die produk te verbruik ✓✓
- ŉ Mededingingsbeleid in te stel ten einde te probeer om die vlak van mededinging tussen ondernemings te verhoog en dit makliker te maak vir nuwe ondernemings om tot die industrie toe te tree ✓✓
- In Suid-Afrika, het die regering die Mededingingskommissie, die Mededingingstribunaal en die Mededingingsappèlhof gestig, ten einde te verseker dat die vlak van mededinging nie verweer nie, maar eerder verhef word ✓✓
- Mededinging van oorsee toe te laat, deur die afskaffing of vermindering van tariewe, om die skadelike praktyke van plaaslike monopolieë intoom te hou ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 8

**Regering se betrokkenheid by produksie**

- Regerings is self betrokke by die produksie van goedere en dienste ✓✓
- Regerings se benadering tot misplaaste markte is om die verlangde goedere direk te voorsien. Belastings word gehef om die verskaffing van sodanige goedere te finansier. ✓✓
- Gemeenskapsgoedere word gratis voorsien. byvoorbeeld weermag, polisie en straatligte ✓✓
- Sommige kollektiewe goedere word teen 'n gebruikersfooi voorsien, soos vullisverwydering, rommelverwydering en riolering. ✓✓
- Die verskaffing van sommige ander kollektiewe goedere word gesubsidieer, byvoorbeeld openbare vervoer en skoon water ✓✓
- As die makro-ekonomiese doelwitte van die regering nie bereik word nie, kan dit beskou word as 'n markmislukking en die regering kan inmeng aan die vraagkant of die aanbodkant ✓✓
- Aan die vraagkant, kan deur die regering inmeng deur middel van makro-ekonomiese beleide, dit is monetêre of fiskale beleide ✓✓
- Die aanbodkant benadering fokus op die vermoë van die ekonomie en beleide wat poog om die voorraad produksiefaktore en infrastruktuur uit te brei en die beweeglikheid van faktormarkte te verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) Maks. 12 (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
**Regverdig die implementering van minimum lone deur die regering:**

- Wanneer die regering minimum lone afdwing, beteken dit dat werkers 'n sekere bedrag betaal moet word en niks minder as dit nie. ✓✓
- Die minimum lone word onder die ewewig vasgestel, wat tot 'n daling in vraag en 'n styging in die aanbod van arbeid lei. ✓✓
- Die toepassing van minimum loon wetgewing word benodig om die herverdeling van inkome te verbeter; ✓✓ om ongelykheid reg te stel (gaping tussen ryk en arm) ✓✓ en om die lewenstandaard van die geaffekteerde groep, te verbeter. ✓✓
- Regering het probeer om huishulpe en plaaswerkers teen uitbuiting deur werkgewers te beskerm, want ongeskoolde arbeiders kan nie vir lone beding nie. ✓✓
- Alhoewel minimum lone kan tot verhoogde werkloosheid kan lei omdat werkgewers huiwerig is om mense teen hierdie loon in diens te neem, is beskerming van die werkers regverdigbaar ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (10)

**SLOT**

Alhoewel die regering nie aan die aanbod van alle gemeenskap goedere kan voldoen nie, sal daar altyd 'n behoefte wees om die aspirasies van die hele gemeenskap te bevredig. ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslik korrekte antwoord.) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou